

16de ALGEMENE JAARVERGADERING

VOORSITTERSVERSLAG



Dames en Here,

Dit is my voorreg om u te verwelkom by die Kaapse Aftreefonds vir Plaaslike Regering se 16de Algemene Jaarvergadering.

William A. Ward het gesê (en ek vertaal): “Voor jy praat, luister. Voor jy skryf, dink. Voor jy spandeer, verdien. Voor jy belê, doen navorsing. Voor jy kritiseer, wag. Voor jy moed opgee, probeer. Voor jy bid, vergewe. Voor jy aftree, spaar. Voor jy doodgaan, gee.”

Die twee mees toepaslike gedeeltes van hierdie gesegde vir ons hier by die Fonds is: “Voor jy belê, doen navorsing” en “Voor jy aftree, spaar”.

OPBRENGS

Die Fonds het weereens die groei in beleggingsopbrengs gehandhaaf, ten spyte van ’n onstabiele beleggingsomgewing en baie onsekerheid. Die Fonds se totale bates en reserwes het tydens die jaar onder oënskou met R1.4 biljoen gegroei. Daar was ’n netto opbrengs van 11.6% in die **Groeiportefeulje**, 7.3% in in die **Beskermingsportefeulje** en 9.2% in die **Gematigde Portefeulje**. (Ons glo dat die **Beskermingsportefeulje** en/of die **Gematigde Portefeulje** slegs deur lede gekies moet word wanneer hulle naby aan aftrede is.)

Ek is ook baie trots daarop dat die pensioenarisse se bates afsonderlik belê word op ’n lasgedrewe wyse wat tot dusver baie suksesvol was. Die **Pensioenarisportefeulje** het ’n opbrengs van 11.2% gelewer en het dus beter as die Gematigde- en Beskermingsportefeuljes gevaar. Die uitstekende opbrengs het die Fonds toegelaat om vir die pensioenarisse ’n inflasiegekoppelde verhoging in hulle maandelikse pensioen te gee.

Die Fonds se Aktuaris rapporteer dat die Fonds se netto opbrengs sedert die Fonds se ontstaan 16 jaar gelede, 14.3% is. Dit is ’n reële opbrengs (opbrengs bo inflasie) van 8.3% vir 16 jaar. Jou

Fonds moet op so 'n wyse belê dat lede nie aan die uiterste afwaartse neigings in die markte blootgestel word nie. Jy moet dus in gedagte hou dat die Fonds nie kan belê deur die hoogste opbrengs na te jaag nie. Dit sal 'n risikoprofiel skep wat baie gevaarlik vir 'n Vaste Bydraefonds is, waar die **lid** (en nie die **werkgewer** nie) die risiko dra – anders as 'n Vaste Voordefonds of 'n tradisionele pensioenfonds.

Die Fonds kontrakteer twee beleggingsadviseurs en 'n ekonoom. Hulle is baie waardevol vir die Fonds en hulle deelname aan die beleggingskomitee het gedurende die finansiële jaar vir die Fonds baie miljoene rande gespaar. Sommige van die Trustees het twee BRIC-lande (China en Indië) besoek ten einde die Trustees se blootstelling en kennis ten opsigte van beleggings te verbreed. Hulle wou eerstehandse kennis inwin oor die dryfkrag agter hierdie lande se ekonomiese groei en die risiko's verbonde daaraan om in hierdie lande te belê. Ons ondersoek ook moontlike beleggingsmoontlikhede in Afrika.

Ek wil graag die afdeling oor opbrengs afsluit met 'n aanhaling uit die Aktuaris se opmerkings in die Jaarverslag:

“Die Fonds het konsekwent uitstekende beleggingsopbrengs vir sy lede gelever, terwyl dit terselfdertyd beskermingsmeganismes gebied het vir die lede wat nie groter risiko's kan hanteer nie. Hierdie balans is 'n belangrike deel van die Fonds se sukses.”

LIDMAATSKAP

Die aantal aktiewe, bydraende lede het van 32 518 soos op 30 Junie 2011 gegroei tot 33 979 op 30 Junie 2012. Dit dui op 'n netto vermeerdering van 1 464 vanaf die vorige jaar, of net meer as 4% groei in aktiewe lidmaatskap. Die werklike aantal nuwe lede wat gekies het om by die Fonds aan te sluit, is 3 488, wat net 819 minder is as verlede jaar. Aftredes (424), bedankings (1 328), afdankings (0) en sterftes (160) moet egter van hierdie getal afgetrek word. In teenstelling met die vorige jaar het die aantal aftredes gestyg en aantal uitdiensstellings gedurende die jaar gedaal. Aftredes het van 380 tot 424 gestyg en uitdiensstellings het gedaal van 3 in 2011 tot 0, soos op 30 Junie 2012.

Ons Fonds kan steeds as 'n fonds met 'n jong ouderdomsprofiel gesien word. Die volgehoue groei in lidmaatskap verseker dat hierdie profiel stabiel bly. Dit verseker risikovooredele, sterfte- en ongeskiktheidsvooredele teen 'n baie mededingende koers. Ons wil graag vra dat lede lidmaatskap in die Fonds moet behou om genoegsame fondse vir hulle aftrede op te bou. Lede wat die Fonds verlaat moet daarop let dat hulle hul beleggings in die Fonds kan los of dit na 'n ander fonds kan oordra.

PENSIOENARISSE

Die aantal pensioenarisse verminder steeds, want min nuwe pensioenarisse het vir 'n geruime tyd bygekom. Die lidmaatskap van pensioenarisse was 866 lede in 2009, 840 in 2010, 784 in 2011 en 780 in 2012. Alhoewel hulle slegs 'n klein persentasie van die totale ledetal verteenwoordig, vorm die pensioenarisse 'n belangrike deel van die Fonds. 'n Aparte nuusbrieff word ook gereeld aan hulle gestuur. 'n Spesiale *ad hoc* bonus, gelykstaande aan 100% van hulle maandelikse pensioenbetaling, is in Desember 2012 aan pensioenarisse uitbetaal.

ADMINISTRASIE

Die Raad van Trustees het die naam van die Fonds verander na Die Kaapse Aftreefonds vir Plaaslike Regering om verwarring tussen ons en die Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds (wat reeds 'n heeltemal aparte fonds is sedert 1996) te voorkom. Ongelukkig bestaan hierdie verwarring steeds en ons wil graag vir lede vra om hierdie tipe verwarring uit te wys wanneer dit gebeur.

Ons Fonds word deur Verso Finansiële Dienste administreer, waar 'n span toegewyde personeellede die wiele aan die draai hou deur ons lede se sake te bestuur. Die Fonds se administrasiekoste verhoog op 'n jaarlikse basis en word volgens die aantal lede bereken.

Die Fonds se totale administrasiekoste (nie net Verso se fooi nie) uitgedruk as 'n persentasie van pensioengewende salarisse is steeds net meer as 0.80%, in vergelyking met die industriestandaard van meer as 1%. Die Raad van Trustees is trots daarop dat hulle oor die jare die kostes laer as die standaard in die industrie kon hou.

Ons bedank graag vir Adv. Christi Franken en sy baie bekwame span vir die uitstekende werk wat hulle doen. Ek wonder hoeveel lede daarvan bewus is dat, sedert hierdie Fonds se stigting, die Fondsberegter nog nooit 'n uitspraak teen die Fonds gelewer het nie. Ons Fonds, deur Verso, stel 'n standaard daar waarop ons almal kan trots wees. Die Raad en die Hoofbeampte kontroleer die diensverskaffers se dienste op 'n gereelde basis.

NUWE VOORDELE EN STRATEGIEë

As deel van ons strategiese doelwit om ons lidmaatskapbasis in Plaaslike Regering te verbreed, het ons na die verkiesing in Mei 2011 ons lidmaatskap vir raadslede oopgestel. Ons wag nou vir die datum waarop Vryheid van Assosiasie sal intree, wat werknemers van die Plaaslike Regering sal toelaat om na die fonds van hulle keuse oor te skuif. Hierdie Fonds het geen beperkinge op 'n lid se keuse om die Fonds te verlaat nie; ons het nog nooit sulke versoeke gehad wat op swak diens of prestasie gebaseer was nie.

Jou Fonds het besluit om aktief met ander fondse wat daartoe gewillig is, saam te werk om sodoende die hoeveelheid munisipale fondse in die industrie te probeer verminder. Daar is 63 munisipale fondse, waarvan 38 aktief is. Slegs 9 het meer as 5 000 lede. Hierdie poging tot samewerking moet op 'n toepaslike en sensitiewe manier hanteer word om enige kans op sukses te hê. Hierdie poging moet voortgaan te midde van die Regering se beoogde hervorming van pensioensake (waar fondse die grootste gedeelte van hulle lede kan verloor en slegs industriefondse moontlik vrygestel sal wees).

Ek wil graag die Menslike Hulpbrondepartemente, sommige unieleiers, Trustees, ons Hoofbeampte en veral ons kommunikasie diensverskaffer, SASH, bedank. SASH kommunikeer voortdurend met lede om seker te maak dat hulle van ons Fonds weet en pensioenkwessies oor die algemeen verstaan. Ons lede is aktief betrokke deur aspekte van die Fonds te bevraagteken, deur ons in te lig oor hoe die Fonds hulle beter kan dien en deur ons oor die algemeen op ons tone te hou. Ons waardeer dit.

FONDSBESTUUR

Drie nuwe Trustees is by ons laaste AJV verkies. Hulle is Raadslid Steyn, Raadslid Gqabi en Mnr. Van der Merwe. Dit is vir my baie hartseer om te rapporteer dat Raadslid Johnson, 'n werkgewer Trustee, gedurende Mei 2012 oorlede is. Ek wil weereens sy familie en sy Munisipale Raad daarvoor bedank dat hulle toegelaat het dat "Oom Johnny" in die Fonds se sake deelneem. Hy laat 'n groot leemte vir ons almal.

Al die vakatures in die Ouditkomitee is nou gevul en ek kan rapporteer dat die meerderheid van die komiteeledede onafhanklike lede is. Hierdie lede is die Voorsitter, Mnr. Venter, Me. Moloko ('n geoktrooieerde rekenmeester) en Mnr. Grobler ('n deskundige op die gebied van risiko's).

KPMG is weer as die ouditeure vir die Fonds aangestel en ek kan rapporteer dat ons 'n skoon ouditverslag ontvang het – soos aangedui in die dokumente wat aan u voorsien is. Ek wil graag die Raad se waardering uitspreek teenoor die Voorsitter en die lede, vir hul toewyding om goeie bestuurspraktyke in die algemene bestuur van die Fonds se bates na te streef.

DANKIE

Om as 'n Trustee te dien word al hoe moeiliker as gevolg van die nuwe wetgewing en die grootte van die Fonds se bates (meer as R11.6 biljoen). Volgens die Pensioenfondswet en die gemenereg moet Trustees besluite neem wat die lede tot voordeel strek. Die Trustees se pligte vereis ook dat hulle objektief dink oor enige kwessie voor die Raad. Trustees moet ook gewillig wees om opgelei te word sodat hulle van hierdie pligte bewus is. Ons is bevoorreg dat mense gewillig is om op hierdie manier te dien en ek bedank al ons Raadslede vir hulle gewilligheid om te dien en hulle pligte uit te voer. Ek wil ook graag diegene wat hulself verkiesbaar gestel het vir die verkiesing later vandag, bedank. Die Raad van Trustees het besluit om die beleid oor die vergoeding van Trustees vir dienste gelewer, te verander. Hierdie beleidsbesluit is deur die Finansiële Diensteraad goedgekeur en is gelykstaande aan die standaard in die industrie. Ons moet in gedagte hou dat die Fonds se strategie is om die lidmaatskapbasis landwyd te verbreed. Dit plaas geweldige druk op die Trustees.

Jou Fonds word uitstekend deur sy diensverskaffers en raadgewers bedien. Verso is definitief 'n leier in die fondsadministrasie-industrie en SASH is 'n kommunikasieleier. Ons kan daarop staatmaak dat ons Aktuaris, Sean Neethling van Metropolitan, vir ons die beste raad sal gee, en dat ons ouditeure, KPMG, ons met objektiwiteit sal dien. Ons beleggingsadviseurs, Shainal Sukha en Duncan Theron van GraySwan en die Fonds se ekonoom, Johan Rossouw, het die Fonds gehelp om besluite te neem wat ons in staat gestel het om uitstekende beleggingsopbrengste te lewer. Ons Hoofbeampte dien die Fonds en sy lede op 'n uitnemende wyse en speel 'n belangrike rol in die industrie.

Ek wil graag die Fonds se dank uitspreek vir almal wat hul so goed van hul taak kwyd. Dit is 'n voorreg om saam met u te werk waar ons saam streef om die beste diens vir ons lede te lewer. Dankie, vir die geleentheid om nog 'n termyn as u Voorsitter te kon dien.

“Wealth is not a matter of intelligence; it's a matter of inspiration.” (Jim Rohn – 'n Amerikaanse entrepreneur en motiveringspreker)

Brian William Shepherd

Voorsitter